LEERDER STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER
TOERISMENOTABOEK1@GMAIL.COM

# GR 12 TOERISME
# OPSOMMENDE NOTAS
# KWARTAAL 3/4

---

# Professionele beeld in die Toerismebedryf

**Faktore wat tot 'n professionele beeld in die toerismebedryf bydra:**

**Die beeld van 'n maatskappy:**

McDonald's
i'm lovin' it

Logo: pas by die beeld van die mpy

Naam: kommunikeer professionaliteit & betroubaarheid

Slagspreuk: gepas & maklik verstaanbaar




Skryfbehoeftes: sakeondernemings (veral hotelle) moet seker maak dat skryfbehoeftes wat aan gaste voorsien word die naam / logo bevat.




## Personeel van 'n maatskappy:






- ✓ Werknemers: lyk professioneel & aanvaar-baar. Lewer goeie diens. Goed opgelei
- ✓ Kollegas: Respekteer mekaar en werk as 'n span saam
- ✓ Versorging: goed versorg / netjies / matige juwele en grimering
- ✓ Interaksie: wees positief, toon respek, vermy slegte gewoontes, staan / sit regop
- ✓ Kleredragkode: trek toepaslik aan. Skoon / gestryk / netjies
- ✓ Univorms: pas by beeld van mpy
- ✓ Kommunikasievaardighede: praat hard en duidelik. Vermy slêng. Eerlik

## <u>Fisiese voorkoms en produkverpakking:</u>






| | |
|---|---|
| **Naamborde**: dui aan waar die plek is – eerste indruk Korrekte spelling. Tweetalig. Goeie kondisie. | **Perseël:** Instandgehou. Binne en buite die geboue moet dit skoon en netjies wees. |







| | |
|---|---|
| **Binneversiering:** smaakvol en stylvol, pas by die produk. | **Produkverpakking**: gehalte en prys = NB!!<br>Verpakking net so NB.<br>Verpakking is wat produk verkoop & moet produk beskerm. Unieke verpakkings lok kliënte. |

## Kliëntebeleid van 'n mpy



**Sake-ure:** gerieflike en gereelde tye. Moenie gereeld verander – kliente raak frustreerd. Vertoon ure buite die winkel.

**Terugvoer:** terugvoerkaarte ens beeld klientesorg uit en stel dat mpy gestel is op klient se behoef-tes. Reageer vinnig op klagtes

**Reëls:** goeie waardes en reëls dra professionaliteit oor.



## Bemarkingsmateriaal

Advertensies: aantreklik & verstaanbaar. Moenie verouderd wees nie. Verskeie metodes: tv, webtuistes, brosjures.

Advertensiemedia: in toepaslike tydskrifte. Bv Getaway / Weg = dra by tot die geloofwaardigheid daarvan

Advertensieboodskap: Maatskappy moet sensitief wees oor kultuur-verskille van potensiële kliënte.






---

**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

A. Jonker